Reformerende Kerk
Pretoria

8 Februarie

Lukas 1:67-80.

Soos die moreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan die wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede (v.79).

Jesus is ons moreson. Daaraan moet jy elke dag dink as die rooidag breek. As jy uit jou slaap ontwaak en die donkerte is weg, onthou net dat dit die dag van die Here is en dat Hy gereed staan om jou deur die nuwe dag te begelei.

Sy lig maak dit ook lig in jou lewe. Hy haal jou uit die duisternis en uit die skaduwee van die dood uit. Hy is Here van die lewe en dit is sy wil dat jy ook vandag voluit sal lewe. Jy moet elke geleentheid wat vandag op jou pad kom, gebruik. En jy moenie vergeet nie - jou geleenthede word deur die Here vir jou gegee en jy moet Hom raadpleeg as jy by die deure kom wat vir jou oopgaan.

Maar onthou, die Here rig jou op die pad van vrede. Jy moet nie die pad van konflik loop nie. Jou wese moet die liefde van die Here uitstraal en die mense rondom jou moet weet dat jy op die pad van vrede loop. 'n Mens wat dit doen word deur sy medemens aanvaar en met liefde ontvang. Konflik skep spanning en maak die lewe ongemaklik. Dit is nie die Here se pad vir jou nie. Daarom rig Hyself jou voetstappe op die pad van vrede.

Here, U bring lig in my lewe, net U alleen.